

HOOFSTUK 9

9. PRIMÊRE SKOLE: AANBIEDING EN INTERPRETERING VAN VRAELYSRESPONSE

9.1 Inleiding

In die algemeen is daar nie besondere probleme of waardes wat slegs deur respondente aan Engelsmedium primêre skole^{x)} in die toepassing van die nuwe gedifferensieerde onderwysstelsel ondervind word en in vraelysresponse aangedui is nie. Hierdie response word daarom in die breë aanbieding en bespreking van alle response geïntegreer.

In hierdie hoofstuk word vraelysresponse met betrekking tot die groepering van leerlinge, vakonderwys, Voorligting en spesiale en aanpassingsklasse in primêre skole aangebied en bespreek. Voor- en nadele van die nuwe gedifferensieerde onderwysstelsel vir die primêre skool word ten slotte bespreek.

9.2 Groepering van leerlinge

In hierdie paragraaf word die response op vrae 1, 2 en 3 aangebied en geïnterpreteer.

Vraag 1

Om vas te stel of bepaalde response verband hou met die grootte van skole is

x) Van die 8 vraelyste wat uitgestuur is, is 87,5% (7) terug ontvang.

die volgende item in die vraelys ingesluit: "Getal leerlinge in die primêre skool?" (Bylaag 1, Vraag 1). Response op hierdie item word hierna in tabel 9.1 aangebied.

TABEL 9.1

Getal leerlinge in primêre skole

Getals= intervalle	100 en minder	101-300	301-500	501-700	701-900	901+	
Getal skole	3	44	26	13	11	2	Totaal 99
%	3,0	44,4	26,3	13,1	11,1	2,0	100 ^x)

Die grootste aantal skole, naamlik 44,4% (44) het tussen 101 en 300 leerlinge, terwyl 26,3% (26) skole tussen 301 en 500 leerlinge het.

Vraag 2

Die volgende item: "Het u in enige standerd meer as een klasgroep (seksie)?" (Bylaag 1, Vraag 2) dien as kontrole vir die beantwoording van Vraag 3, vestig die aandag daarop of verwys die respondent na vraag 4. Response op hierdie item (Vraag 2) word in tabel 9.2 aangebied.

TABEL 9.2

Getal skole met een of meer klasgroepe in enige standerd

	1 klasgroep in 'n standerd	meer as een klasgroep in 'n standerd	
Getal skole	37	62	Totaal 99
%	37,4	62,6	100

x) As gevolg van die benadering van die desimale syfer kom die totaal van die verskillende persentasies nie altyd presies op 100 te staan nie. Die totaal sal egter altyd as 100 aangedui word om aan te toon dat die persentasies die totale aantal respondente verteenwoordig. In alle tabelle wat hierna volg, sal met 'n asterisk (*) aangedui word waar hierdie prosedure van toepassing is.

Vraelysresponse dui aan dat 62,6% (62) skole meer as een klasgroep (seksie) in enige standerd van die primêre skool het, terwyl 37,4% (37) skole slegs in een klasgroep (seksie) per standerd ingedeel is.

Vraag 3

In die derde item van die vraelys: "Op watter basis deel u die kinders van 'n besondere standerd in klasse in? Die kriterium is: "(Bylaag 1, Vraag 3) word ondersoek ingestel na die beginsel van bekwaamheidsgroepering, wat reeds voor die afkondiging van die nasionale beleid van gedifferensieerde onderwys in 'n aantal primêre skole toegepas is, maar wat tans 'n nuwe beklemtoning verkry. In die handleiding vir toepassing van die nuwe gedifferensieerde onderwysstelsel (O.V.S.-Omsendbrief no. 84 van 1972) word bekwaamheidsgroepering, al dan nie, aan die diskresie van die skoolhoof en wyksinspekteur oorgelaat. Response op hierdie item word in tabel 9.3 aangebied.

TABEL 9.3

Groeperingskriteria vir die indeling van leerlinge in klasgroepe binne 'n bepaalde standerd

Kriteria	Aantal skole wat bepaalde kriteria vir groepering in spesifieke standerds gebruik:							
	Junior primêre fase				Senior primêre fase			
	A	B	St. 1	Totale aantal response	St. 2	St. 3	St. 4	Totale aantal response
Slegs verstandelike vermoë (I.K.)	0	0	0	0	0	0	0	0
Slegs skolastiese prestasie	2	17	21	40	22	20	20	62
Verstandelike vermoë (I.K.) en prestasie gesamentlik	0	3	9	12	10	13	16	39
Alfabeties volgens vanne	28	24	17	69	18	18	17	53
Gelyke verdeling (volgens getal leerlinge)	16	16	16	48	16	16	16	48

Die response wat in tabel 9.3 weergegee is, verteenwoordig die 62,6% (62) skole wat meer as een klasgroep in enige standerd het en wat leerlinge in bepaalde groepe indeel. Omdat skole verskillende kriteria vir verskillende standerds gebruik, kan response nie in verhouding tot die totale aantal response uitgedruk word nie. Die totale aantal response ten gunste van elke kriterium in die junior en senior primêre skoolfases word daarom weergegee.

Met betrekking tot die junior primêre skoolfase kan die response soos volg saamgevat word:

- a. geen skole is ten gunste van I.K. as uitsluitlike kriterium in die verdeling van klasgroepe nie;
- b. skolastiese prestasie as enkelkriterium word deur 40 response verteenwoordig;
- c. die groepering van leerlinge op grond van verstandelike vermoë (I.K.) en prestasie gesamentlik word deur slegs 12 response aangedui;
- d. die grootste aantal response, naamlik 69 is ten gunste van alfabetiese verdeling van leerlinge volgens vanne; en
- e. gelyke getalsverdeling word deur 48 response as 'n groeperingswyse in die junior primêre skoolfase aangedui.

In die senior primêre skoolfase is die response soos volg verdeel:

- a. I.K. as enkelkriterium word deur geen skole vir groepering van leerlinge gebruik nie;
- b. skolastiese prestasie word deur die grootste aantal, naamlik 62 response as die belangrikste kriterium vir groepering van leerlinge beskou;
- c. die gebruik van verstandelike vermoë (I.K.) en skolastiese prestasie word deur 39 response as groeperingsmedia verteenwoordig;

- d. die alfabetiese indeling van leerlinge volgens vanne word deur die tweede grootste getal response, naamlik 53 aangedui; en
- e. gelyke verdeling van leerlinge word deur 48 response aangetoon.

Samevattende gevolgtrekking

In die junior primêre fase val die klem op algemeen-vormende klasonderwys as inleiding tot meer formele skolasties-akademiese leerstof. Leerlinge ontvang ook individuele aandag binne klasverband. Vanuit opvoedkundige oogpunt is die groepering van leerlinge op grond van alfabetiese verdeling volgens vanne of in gelyke getalle daarom nie as sodanig af te keur nie.

In die senior primêre fase word skolastiese prestasie as die belangrikste enkele kriterium vir bekwaamheidsgroepering van leerlinge aangedui. Binne die raamwerk van die totale persoonlikheid is hierdie beklemtoning opvoedkundig gesond.

Op grond van doeltreffende differensiasie deur voorsiening te maak vir individuele verskille by leerlinge, is die heterogene verdeling van leerlinge in skole wat die moontlikhede tot bekwaamheidsgroepering het, af te keur. In 'n primêre skool met 900+ leerlinge dui die respondent aan dat leerlinge op versoek van die ouers in gelyke groepe ingedeel word, omdat bekwaamheidsgroepering onder sosiale druk van die ouers moes swig: "Wat hulle (leerlinge) akademies wen, verloor hulle sosiaal". Verskeie ander respondente het ook aangedui dat die versoeke van ouers as kriterium dien vir die groepering van leerlinge. In hoofstuk 11 sal verder aandag gegee word aan hierdie verskynsel.

Daar is verder geen verband tussen die grootte van skole en die groeperingskriteria wat aangelê word nie, omdat primêre skole met onderskeidelik 1 006, 700, 721, 633, 507, 598 en 844 leerlinge van heterogene groepering gebruik maak.

9.3 Vakonderwys

In hierdie paragraaf word response op items 4 en 5 aangebied.

Vraag 4

Om vas te stel vir watter vakke vakonderwys, as uitvloeisel van die nuwe gedifferensieerde onderwysstelsel, toegepas word, is die volgende item in die vraelys ingesluit: "In watter vakke gebruik u 'n vakonderwyser om sy vak vir verskillende standerds aan te bied (uitgesonderd: Musiek, Sang en Liggaamlike Opvoeding)?" (Bylaag 1, Vraag 4).

A. Junior primêre afdeling

Die response op Vraag 4 word in tabel 9.4 weergegee.

TABEL 9.4

Vakonderwys in die junior primêre afdeling

Vak	Afrikaans	Geskiedenis en Aardrykskunde	Wiskunde	Wetenskap	Handwerk en Kuns	Alle vakke
Getal skole	1	2	3	3	2	1
%	1,0	2,0	3,0	3,0	2,0	1,0

Alhoewel die persentasie skole wat vakonderwys in die aangeduide vakke aanbied in die junior primêre fase gering is, word hierdie verskynsel gesien teen die agtergrond van 'n verbod om met vakonderwys in die junior primêre fase te begin, wat deur die Onderwysdepartement in die handleiding ter implementering van die nuwe gedifferensieerde onderwysstelsel (O.V.S.-Omsendbrief no. 84 van 1972) gestel is. Vakonderwys in hierdie skoolfase hou verder nie rekening met die leerling se aanpassing in 'n skoolmilieu met daaglikse nuwe ervarings nie. 'n Wisseling van onderwysers/-esse tydens die skooldag in 'n betrokke standerd mag onveiligheid en angstigtheid by die leerlinge te weeg bring. Gevoelsmatige kontak tussen een onderwyseres en individuele leerlinge vestig 'n atmosfeer van

sekuriteit, waarin leerenergie suksesvol gerig kan word.

b. Senior primêre afdeling en st. 5

Die response op hierdie afdeling van Vraag 4 word in tabel 9.5 weergegee.

TABEL 9.5

Vakonderwys in die senior primêre afdeling

Vak	Afrikaans	Engels	Geskiedenis en Aardrykskunde	Wiskunde	Wetenskap
Getal skole	88	93	75	90	82
%	88,8	93,9	75,7	90,9	82,8

'n Groot aantal primêre skole pas die beginsel van vakonderwys toe.

Die meeste skole, naamlik 93,9%(93) bied Engels deur gespesialiseerde vak= onderwysers aan, terwyl Geskiedenis en Aardrykskunde in vergelyking met die ander vakke deur die minste skole, naamlik 75,7% (75) aan spesifieke vak= onderwysers toegesê word.

Deur vakonderwys kan elke individuele leerling volgens sy aanleg en ver= moë waarde put uit die gespesialiseerde kennis van die vakonderwyser. Hier= die praktyk verseker verder dat die leerlinge 'n groter mate van gereed= heid ontwikkel vir die eise van die sekondêre skool.

Vraag 5a

Die mening van respondente met betrekking tot die aanvang van vakonderwys in die senior primêre afdeling word deur die volgende item in die vraelys on= dersoek: "In watter standerd moet, volgens u mening, met vakonderwys begin word?" (Bylaag 1, Vraag 5a). Response op hierdie item word in tabel 9.6 aangebied.

TABEL 9.6

Aanvang van vakonderwys in die senior primêre afdeling

Standerd	st. 2	st. 3	st. 4	st. 5	
Getal skole	3	36	52	8	Totaal 99
%	3,0	36,4	52,5	8,1	100

Uit vraelysresponse blyk dit dat st. 4 as aanvangsjaar vir vakonderwys deur die grootste aantal respondente, naamlik 52,5% (52) voorgestaan word. St. 3 word deur die tweede grootste aantal respondente, naamlik 36,4% (36) beskou as die mees geskikte aanvangstadium vir vakonderwys.

Vraag 5b

Response op Vraag 5a word in response op Vraag 5b: "Waarom juis hierdie standerd?" deur respondente vanuit opvoedkundige gronde gemotiveer, naamlik dat die leerlinge voor st. 3 nog te afhanklik is van die sekuriteit wat een klasonderwyser/-es bied. Voorstanders van st. 3 as aanvangsjaar vir vakonderwys dui verder aan dat die sillabusse op daardie stadium tē gespesialiseer vir een klasonderwyser/-es word om doeltreffend genoeg te differensieer.

Respondente wat st. 4 as aanvangsjaar verkies, beklemtoon die waarde daarvan as voorbereidingsjaar vir die junior sekondêre skoolfase, waar die leerling vakspesialiste het vir elke vak. Dieselfde motivering word vir vakonderwys in st. 5 as voorbereidingsjaar vir die sekondêre skool gehuldig.

Die 3% (3) respondente wat st. 2 as aanvangsjaar vir vakonderwys verkies, toon spoedige spesialisasie en 'n algemeen-geldende beleid vir die senior primêre afdeling as motivering daartoe aan.

Indien vakonderwys in st. 3 of 4 'n aanvang neem, sal verseker word dat leerlinge oor die algemeen die ryphed daarvoor besit en maksimale voorsiening vir individuele verskille gemaak kan word.

9.4 Voorligting

Om vas te stel op watter wyse Opvoedkundige Voorligting (kyk par. 7.5.2.2), veral met die oog op skooltipe- en studierigtingkeuse na st. 5, georganiseer word, is items 6 en 7 in die vraelys ingesluit. Items 12 en 13 vereis dat die respondent Voorligting in al drie komponente (kyk par. 7.5.2), sowel as Remediërende onderwys as behoeftes in die primêre skool evalueer en uitspraak gee met betrekking tot personeelvoorsiening in hierdie verband.

Vraag 6

Die beskikbaarheid van objektiewe inligting oor leerlinge as hulpmiddels in Voorligting, word deur die volgende item ondersoek: "Watter van die volgende toetsresultate is in u skool beskikbaar ten opsigte van leerlinge in sts. 4 en/of 5?" (Bylaag 1, Vraag 6). Response op hierdie item word in tabel 9.7 weergegee.

TABEL 9.7

Psigometriese toetsresultate wat in die primêre skool beskikbaar is en toetsafnemers wat daarvoor verantwoordelik is

Toetsresultate	Intelligensie (I.K.)	Aanleg	Belangstelling	Toegepas deur:	
				Skoolsielkundige	Personeel-lid
Getal skole	96	85	41	1	98
%	97,0	85,9	41,4	1,0	99,0

(totale aantal respondente = 99)

Vraelysresponse toon dat 97,0% (96) skole oor intelligensie-, 85,9% (85) oor aanleg- en 41,4% (41) oor belangstellingstoetsresultate van leerlinge beskik.

Om verantwoorde Opvoedkundige Voorligting aan die st. 5-leerling te gee, is dit noodsaaklik om objektiewe inligting met betrekking tot bepaalde persoonlikheidsienskappe van die leerling, naamlik veral aanleg en belangstelling te hê

Die relatiewe stabiliteit van belangstelling moet egter hier in gedagte gehou word (kyk par. 3.7.2). Algemene intelligensie (I.K.), skoolprestasie en ander biografiese gegewens, as komponente van 'n totaliteitsbeeld van die leerling, is verder noodsaaklike inligting. Alle skole behoort daarom intelligensie-, aanleg- en belangstellingstoetsresultate van leerlinge beskikbaar te hê. I.K.'s van leerlinge kan diagnostiese waarde hê vir die verklaring van byvoorbeeld swak skoolprestasie in alle standerds van die primêre skool.

Die belangrikste vraag is egter of hierdie psigometriese toetse deur toepaslik opgeleide persone toegepas en resultate daarna geïnterpreteer word. Met betrekking tot laasgenoemde toon vraelysresponse dat 99,0% (98) respondente van personeellede, wat moontlik wel enkele toepaslik opgeleide (professioneel-akademies) Voorligters mag insluit, en 1,0% (1) respondente van die skoolsielkundige dienste gebruik maak om genoemde toetse toe te pas.

Die praktyk om 'n aantal onderwysers in 'n vakansiekursus as toetsers op te lei (af te rig) (kyk ook par. 7.4.2), is opvoedkundig af te keur. Aspekte soos geldigheid en betroubaarheid van toetsresultate word in 'n groot mate deur die handhawing van gestandaardiseerde toetsprosedures in die afneem van toetse bepaal. 'n Professioneel-wetenskaplik opgeleide Voorligter beskik oor die vaardighede en agtergrondskennis om die korrekte toetse vir 'n bepaalde doel te selekteer, deeglik bewus te wees van die rol wat toetsomstandighede in die betroubaarheid van resultate speel en opvoedkundig verantwoordende afleidings van resultate te maak. Hiervoor is ervaring alleen nie voldoende nie. Net so gevaarlik as wat die "geneesheer", wat geen of weinig mediese opleiding ondergaan het, vir die fisiese oorlewing van 'n pasiënt tydens 'n delikate operasie is; net so gevaarlik is 'n "Voorligter" sonder deeglike en toepaslike opleiding vir die psigiese oorlewing van kliënte in opvoedkundige, persoonlike en latere beroepskeuses.

Vraag 7

Om die prosedure by Opvoedkundige Voorligting aan die st. 5-leerling te bepaal, is die volgende item in die vraelys ingesluit: "Hoe gaan u te werk wanneer Voorligting aan st. 5-leerlinge en hul ouers gegee word ten opsigte

van die keuse van 'n hoërskool en latere studierigting?" (Bylaag 1, Vraag 7). Response op hierdie item word in tabel 9.8 weergegee.

TABEL 9.8

Prosedure by Opvoedkundige Voorligting aan st. 5-leerlinge

No.	Prosedure	Getal skole	%
a.	Die inspekteur-sielkundige/kliniekpersoneel behartig die hele saak	2	2,0
b.	Die skoolhoof behartig die hele saak	51	51,5
c.	'n Toepaslik opgeleide personeellid behartig die hele saak	9	9,1
d.	Die inspekteur-sielkundige/kliniekpersoneel pas die toetse toe en die skool gebruik die resultate daarvan in latere onderhoude met die kinders en hul ouers	13	13,1
e.	Ander prosedure	24	24,2
Totaal:		99	100

- a. Alhoewel die taak van die inspekteur-sielkundige en die kliniekpersoneel nie in die eerste plek is om alle st. 5-leerlinge aan psigometriese toetse te onderwerp en resultate saam met die hoof vir leerlinge en hul ouers te interpreteer nie, word hierdie diens tog aan 2,0% (2) skole gelewer. In hoofstuk 11 sal hierdie saak verder aandag geniet.
- b. In die grootste aantal skole, naamlik 51,5%(51), hanteer die skoolhoof die hele Voorligtingsaangeleentheid van die st. 5-leerlinge. Alhoewel een respondent aangedui het dat hy wye ervaring as Voorligter in die sekondêre skool opgedoen het en daarom suksesvolle Voorligting in die primêre skool kan doen, is die skoolhoof van die primêre skool in die algemeen nie toepaslik opgelei om Opvoedkundige Voorligting, wat gerig is op die praktyk van die sekondêre skool, te doen nie. Die ervaring van die skoolhoof berus op die praktyk van die primêre skool en hou nie verband met die eise van spesifieke studierigtings, soos die tegniese of landbourigtings of implikasies van keuses tussen Rekeningkunde, Kuns, Musiek en tussen derde tale in st. 6 nie. Tweedens geld die opmerkings in die bespreking van

response in tabel 9.7 met betrekking tot die eise vir toepaslike opleiding van 'n Voorligter (skoolhoof of ander personeellede) ook hier.

- c. Opvoedkundige Voorligting word deur 9,1% (9) respondente aan "toepaslik" opgeleide personeellede oorgelaat. Hierdie response sluit egter nie 'n kwalifisering van die begrip "toepaslik opgelei" in nie, sodat daar wel skole mag wees met Voorligters wat vir hierdie taak in die sekondêre skool opgelei is en later tot primêre onderwys toetree het.
- d. In 13,1% (13) skole word psigometriese toetse deur die inspekteur-sielkundige en/of kliniekpersoneel toegepas, waarna dié resultate deur die skool gebruik word in latere onderhoude met die leerlinge en hul ouers.
- e. Die volgende "ander prosedure" word deur die oorblywende 24,2% (24) respondente gebruik:
 1. die hoofde van verskillende sekondêre skole spreek die st. 5-leerlinge teen die einde van die vierde kwartaal oor studierigting- en vakkeuses van dié betrokke skool toe. Leerlinge neem dan hierdie gegewens - in die mate waarin hulle dit verstaan en onthou het of in die vorm van prospektusse - na hul ouers, om so 'n finale keuse te maak. Waar hierdie praktyk heers, gaan die leerling meesal na die sekondêre skool wat die naaste aan die ouerhuis geleë is. In skole met 'n primêre en sekondêre afdeling gaan die leerling met st. 6 in dieselfde skool voort. Hierdie gekombineerde, kleiner skole bied dié voordeel dat die leerling nie groot sosiale aanpassings, soos deur 'n vreemde sekondêre skool vereis word, hoef te maak nie. Alhoewel die voor- en nadele van die klein, gekombineerde skool nie hier bespreek gaan word nie, kan slegs daarop gewys word dat die leerling in hierdie skool dikwels geen keusevakke in st. 6 het nie en teen die einde van st. 7 oorskakelingsprobleme na byvoorbeeld die tegniese of landboustudierigtings ervaar. Objektiewe (psigometriese) data is daarom reeds teen die einde van st. 5 nodig as hulpmiddel in Voorligting aan die leerling;
 2. verskeie respondente het verder aangetoon dat hulle in samewerking met ander personeellede en/of die inspekteur-sielkundige Voorligting aan st.

5-leerlinge gee;

3. 'n aantal respondente huldig die standpunt dat geen Opvoedkundige Voorligting aan st. 5-leerlinge gegee word nie, omdat vakkeuses eers aan die einde van st. 7 gemaak moet word. Die belangrikheid daarvan om van st. 6 af die regte skooltipe by te woon en latere oorskakelingsprobleme te voorkom, word nie hierby in berekening gebring nie; en
4. die hoof van 'n Engelsmedium primêre skool het aangedui dat hy groepe ouers oor studierigting- en vakkeuse na st. 5 toespreek, asook onderhoude met alle leerlinge en hul ouers voer.

Vraag 12^x)

Om vas te stel of daar behoefte aan 'n Voorligter en Remediërende onderwyser/-es in die primêre skool bestaan, is die volgende item in die vraelys ingesluit: "Dink u dat daar 'n opgeleide Voorligter en/of Remediërende onderwyser/-es (ortodidaktikus) op die personeel van die laerskool behoort te wees?" (Bylaag 1, Vraag 12). Response op hierdie item word in tabel 9.9 aangebied.

TABEL 9.9

Die behoefte aan 'n Voorligter en/of Remediërende onderwyser op die personeel van die primêre skool

Personeel:	a. Opgeleide Voorligter		b. Opgeleide Remediërende onderwyser		Geen Respons
	Ja	Nee	Ja	Nee	
Response:					
Getal skole	38	61	93	2	4
%	38,4	61,6	93,9	2,0	4,0*

(totale aantal respondente = 99)

-
- x) Ter wille van die eenheid van die saak onder bespreking word vrae 12, 13a en 13b direk na vraag 7 bespreek.

a. Voorligter

Uit vraelysresponse blyk dat 38,4% (38) respondente ten gunste en 61,6% (61) respondente nie ten gunste is van 'n Voorligter op die personeel van die primêre skool nie ^{x)}.

Hierdie verskynsel kan moontlik toegeskryf word aan 'n algemene gebrek aan begrip van wat Voorligting behels en die doel daarvan op primêre onderwysvlak (kyk paragrawe 7.2 en 7.4). Voorligting word veelal, en selfs deur groepe akademië, verskraal tot Opvoedkundige en Beroepsvoorligting, terwyl die komponent Persoonlikheidsvoorligting misgekyk word (kyk par. 7.5.2). Sekere respondente het dan ook aangedui dat die Voorligter nie 'n plek in die primêre skool het nie, omdat vak- en beroepskeuses eers in die sekondêre skool gedoen word. Hierdeur verkry Voorligting dikwels 'n noodhulpkarakter, wat slegs toegespits is op "slagoffers" wat reeds gedragsprobleme ervaar as gevolg van persoonlikheidsprobleme wat die leerling nie self kon oplos nie, en verkeerde studierigting- en vakkeuses, weens die gebrek aan insig in die moontlikhede en tekortkominge. Dit is meesal hierdie leerlinge wat in die skoolhoof se kantoor beland.

Die preventatiewe beginsel (kyk par. 7.3.2.4) waarop Voorligting berus, beklemtoon die kontinue leiding aan elke leerling om hulp en steun te gee in die ontwikkeling van 'n gebalanseerde persoonlikheid.

b. Remediërende onderwyser

Vraelysresponse toon dat 93,9% (93) respondente ten gunste van en 2,0% (2) respondente nie ten gunste van 'n Remediërende onderwyser op die personeel is nie, terwyl 4,0% (4) respondente geen respons op hierdie item gelewer het nie. Vroeë identifisering en remediëring van leerprobleme word moontlik gemaak deur die teenwoordigheid van 'n Remediërende onderwyser/-es op die personeel.

Vraag 13a

Om vas te stel of respondente van mening is dat Voorligtings- en Remediërende werk deur dieselfde persoon behartig behoort te word, is die volgende item in die vraelys ingesluit: "Dink u dat Voorligtings- en Remediërende werk in die

x) Daar is geen verband tussen die grootte van skole en bepaalde response opgemerk nie.

laerskool deur dieselfde persoon behartig behoort te word?" (Bylaag 1, Vraag 13a). Response op hierdie item word in tabel 9.10 aangebied.

TABEL 9.10

Personeellede vir Voorligtings- en Remediërende werk

Dieselfde persoon	Ja	Nee	Onseker	
				<u>Totaal</u>
Getal skole	49	48	2	99
%	49,5	48,5	2,0	100

Bykans dieselfde aantal respondente, naamlik 49,5% (49) en 48,5% (48) is onderskeidelik ten gunste van en nie ten gunste van die hantering van Voorligtings- en Remediërende werk deur dieselfde persoon nie, terwyl 2,0% (2) respondente onseker is.

Vraag 13b

In Vraag 13b word 'n motivering van die respons op Vraag 13a gevra.

Respondente wat aandui dat Voorligtings- en Remediëringswerk deur dieselfde persoon behartig behoort te word, dui die volgende redes daarvoor aan:

- a. beter kontinuïteit tussen Voorligtings- en Remediërende onderwyswerk kan deur hierdie reëling bewerkstellig word, omdat een persoon op hoogte is met al die aspekte van 'n leerling se probleem; en
- b. in kleiner primêre skole is daar nie genoeg Voorligtings- en Remediëringswerk vir twee persone nie.

Respondente wat voorstanders daarvan is dat Voorligtings- en Remediëringswerk deur twee afsonderlike persone behartig behoort te word, dui die volgende redes daarvoor aan:

- a. in die groot skool is daar nie tyd vir een persoon om albei take met sukses te behartig nie - een persoon kan nie eers daarin slaag om al die Remediëringswerk baas te raak nie;

- b. elkeen van hierdie professionele persone ontvang 'n eiesoortige en gespesialiseerde opleiding, wat dit onmoontlik maak om die ander se terrein te beheers;
- c. die werk van die Voorligter en Remediërende onderwyser is tē uiteenlopend van aard;
- d. die skoolhoof kan in samewerking met die inspekteur-sielkundige alle Voorligtingswerk behartig, sodat daar slegs 'n Remediërende onderwyser op die personeel hoef te wees;
- e. die Remediërende onderwyser maak slegs kontak met individue en is 'n vreemde deling vir die groot groep leerlinge. 'n Vertrouensverhouding kan nie op hierdie wyse gebou word nie; en
- f. dat Voorligting geen funksie in die primêre skool vervul nie - slegs Remediërende onderwys is belangrik.

Samevattende gevolgtrekking ten opsigte van Voorligting en Remediërende onderwys

Hier sal nie gepoog word om elke standpunt te verifieer nie, maar slegs om enkele algemene opmerkings te maak. Sekere aspekte is reeds in die voorgaande gedeelte van hierdie afdeling of in hoofstuk 7 bespreek.

Alhoewel dit dikwels in die praktyk gebeur dat 'n leerprobleem aanvanklik as 'n gedragsprobleem manifesteer en onder die aandag van die Voorligter kom, is dit vir laasgenoemde oneties om ten alle koste remediëring, waarvoor hy geen opleiding het nie, te probeer doen. Na identifisering en diagnosering van die probleem moet dié leerling vir intensiewe terapie na die Remediërende onderwyser verwys word. Op hierdie wyse verkry die take van die Voorligter en Remediërende onderwyser 'n onderskeibare, maar nie-skeibare karakter.

Klein of groot skole is nie betroubare norme vir die beoordeling van die hoeveelheid Remediëringwerk wat deur die Remediërende onderwyser gedoen moet word nie. In 'n relatief klein skool mag meer leerlinge met gekompliseerde leerpro-

bleme op 'n bepaalde tydstip teenwoordig wees as in 'n groot skool waarmee eersgenoemde vergelyk word. Die begrippe "klein" en "groot" is verder getalsh wys ook nie duidelik definieerbaar nie.

Die skoolhoof kom uit die aard van sy omvattende taak met 'n wye spektrum probleme in aanraking en word deur ervaringe van sukses en mislukking tot insig in vele daarvan gelei. Weens die geografiese verspreiding van skole in die Oranje -Vrystaat is dit vir die inspekteur-sielkundige onmoontlik om die hoof in alle leerlingprobleme by te staan. Die beskikbaarheid van 'n opgeleide Voorligter op die personeel kan daarom tot vroegtydige opsporing van gedifferensieerde voorsiening vir persoonlikheidstekorte (tydelik of permanent) by leerlinge aanleiding gee. Ervaring en beskikbaarheid van tyd kan nooit kompenseer vir 'n wetenskaplik-gefundeerde opleiding nie.

9.5 Spesiale en aanpassingsklasse

Om vas te stel op watter wyse daar vir leergestremde en verstandelik vertraagde leerlinge in die nuwe stelsel van gedifferensieerde onderwys in die primêre skool voorsiening gemaak word, is items 8, 9, 10 en 11 in die vraelys ingesluit.

Vraag 8

Eerstens wou vasgestel word of daar 'n spesiale klas(-se) en/of 'n aanpassingsklas(-se) by 'n bepaalde skool bestaan: "Is daar by u skool 'n spesiale klas (-se) en/of 'n aanpassings- of remediëringsklas(-se) (leerlinge wat nie in die spesiale klas is nie, maar tog leergestremdhede het)?" (Bylaag 1, Vraag 8). In die responsruimte is voorsiening gemaak vir die aanduiding van die getal leerlinge in dié klasse. Response op hierdie item word in tabel 9.11 aangebied.

TABEL 9.11

Spesiale en/of remediëringsklasse by skole

Klasse	Spesiale klas(-se)		Remediëringsklas(-se)	
	Ja	Nee	Ja	Nee
Getal skole	36	63	37	62
%	36,4	63,6	37,4	62,6
Getal leer= linge	600 (33 skole)		661 (30 skole)	

(totale aantal respondente = 99)

Drie respondente het aangetoon dat 'n spesiale klas tot die skool toegevoeg is, maar nie aangedui hoeveel leerlinge in die klas onderrig ontvang nie. Die totale aantal leerlinge wat spesiale onderwys in spesiale klasse by 33 skole ontvang, is 600. Met betrekking tot remediëringsklasse het sewe respondente nie die getal leerlinge aangedui nie, sodat die totale aantal leerlinge in remediëringsklasse van 30 skole op 661 te staan kom.

In 36,4%(36) en 37,4% (37) primêre skole word daar onderskeidelik spesiale voorsiening vir verstandelik vertraagdes en kinders met leergestremdhede gemaak. In die bespreking van die response op Vraag 10 sal aandag gegee word aan die voorsiening vir verstandelik vertraagde leerlinge in skole wat nie spesiale klasse het nie.

Vraag 9

Om vas te stel of daar toepaslik opgeleide personeel in skole beskikbaar is om die onderrig in spesiale en remediëringsklasse te hanteer, is die volgende item in die vraelys ingesluit: "Het u, vir die doel in 8 genoem, toepaslik opgeleide personeel om dié onderrig te behartig?" (Bylaag 1, Vraag 9). Response op hierdie item word in tabel 9.12 aangebied.

TABEL 9.12

Personeelvoorsiening vir spesiale en remediëringsklasse

Klasse	Spesiale klasse		Remediëringsklasse	
	Toepaslik opgeleide personeel	nie-toepaslik opgeleide personeel	Toepaslik opgeleide personeel	nie-toepaslik opgeleide personeel
Getal skole	25	11	30	7
%	69,4	30,6	81,1	18,9

Uit vraelysresponse blyk dat 69,4% (25) skole met spesiale klasse toepaslik opgeleide personeel het om die onderrig te hanteer. Die suksesvolle onderrig van verstandelik vertraagde leerlinge vereis nie alleen 'n onderwyser/-es met 'n besondere instelling en intuïtiewe aanvoeling vir die emosionele en skolastiese probleme van die leerlinge nie, maar ook 'n persoon met 'n hoë standaard van toepaslike opleiding. Die mate waarin elke individuele leerling skolastiese en sosiale vaardighede bemeester, hang ten nouste saam met die genoemde kwaliteite van die onderwyser/-es.

Remediëringswerk word in 80,1% (30) skole deur toepaslik opgeleide personeel behartig. Die beskikbaarheid van persone met gespesialiseerde kennis om leerprobleme vroegtydig te diagnoseer en remediëringsprogramme uit te werk en deur te voer, is 'n noodsaaklikheid in bykans elke primêre skool.

Respondente toon verder aan dat onderwysers vir spesiale klasse die volgende opleiding ontvang het:

- a. Diploma in Spesiale Onderwys;
- b. spesialisering in Onderwys vir Afwykende Leerlinge (O.A.L.-Diploma - 4 jr.);
en
- c. spesiale indiensopleidingskursusse.

Remediërende onderwysers het volgens respondente die volgende opleiding ontvang:

- a. Diploma in Remediërende Onderwys (3 jr. spesialisering);
- b. indiensopleiding in die vorm van weeklikse lesings by die Kinderleidingskliniek; en

c. B.Ed. met spesialisering in Remediërende onderwys.

Vraag 10

Om vas te stel op watter wyse daar vir verstandelik vertraagde leerlinge voorsiening gemaak word in die 63,6% (63) skole sonder spesiale klasse is die volgende item in die vraelys ingesluit: "Indien u nie 'n spesiale klas het nie, maar daar tog leerlinge is wat spesiale onderwys behoort te ontvang, hoe word vir hulle voorsiening gemaak?" (Bylaag 1, Vraag 10). Response op hierdie item word in tabel 9.13 weergegee.

TABEL 9.13

Voorsiening vir verstandelik vertraagde leerlinge in primêre skole sonder spesiale klasse

Voorsienings= wyse	Leerstofver= dunning	Onderwys= metode	Eksaminering	Ander	
					<u>Totaal</u>
Getal skole	9	18	7	29	63
%	14,3	28,6	11,1	46,0	100

Vraelysresponse toon aan dat die meeste respondente, naamlik 46,0% (29) op ander wyses as differensieëring deur middel van leerstofverdunding, aanpassing in onderwysmetodes en eksamineringwyses vir verstandelik vertraagde leerlinge voorsiening maak. Van hierdie 46,0% (29) respondente verwys 69,0% (20) skole leerlinge na primêre skole met spesiale klasse of na Voorberoeple skole. In 27,6% (8) skole word geen voorsiening vir verstandelik vertraagde leerlinge gemaak nie, terwyl 3,4% (1) skole in die middae addisionele klasse vir dié leerlinge organiseer.

Na identifisering van verstandelik vertraagde leerlinge is dit die taak van die Voorligter, die inspekteur-sielkundige en die skoolhoof om die belangrikheid van doelmatige voorsiening vir die leerlinge aan die betrokke ouers te verduidelik en hulle te lei tot insig in die probleem.

Vraag 11

Om vas te stel op watter wyse verstandelik vertraagde leerlinge, wat saam met ander leerlinge in dieselfde klas is, bevorder word, is die volgende item in die vraelys ingesluit: "Volgens watter kriteria word die leerlinge, in 10 genoem, bevorder?" (Bylaag 1, Vraag 11). Response op hierdie item het die volgende bevorderingskriteria ingesluit:

- a. bevordering op meriete;
- b. leerlinge word volgens ouderdom na die volgende standerd oorgeplaas;
- c. slaagvereistes word verlaag; en
- d. dieselfde vereistes as dië waaraan ander leerlinge moet voldoen.

Binne die nuwe stelsel van gedifferensieerde onderwys is die erkenning van en voorsiening vir individuele verskille by alle leerlinge 'n belangrike beginsel.

Vraag 14^x

In die praktyk van die primêre onderwys is die implikasies van die nuwe gedifferensieerde onderwysstelsel nie so talryk en duidelik soos in die sekondêre skool nie, omdat die klem slegs op die gedifferensieerde aanbieding van die leerstof val. Geen gedifferensieerde sillabusse word in die primêre skool voorsien nie. Om vas te stel watter implikasies die nuwe gedifferensieerde onderwysstelsel vir die primêre skool meebring het, is die volgende item in die vraelys ingesluit: "Watter voor- en of nadele het die nuwe gedifferensieerde onderwysstelsel volgens u mening vir die primêre skool gebring?" (Bylaag 1, Vraag 14). Response op hierdie item word vervolgens bespreek.

a. Voordele (waardes)

Die volgende waardes word deur respondente aangedui:

1. die feit dat die gemiddelde persentasie vir promovering in st. 5 van 40% na $33\frac{1}{3}\%$ verlaag is, bring mee dat die minderbegaafde leerling st. 6 makliker bereik en dan die Praktiese kursus kan volg;

x) Vrae 12 en 13 het oor Voorligting gehandel en is reeds bespreek.

2. vakonderwys lei die leerling vroeër tot akademiese selfstandigheid, berei hom beter voor vir die hoërskool en laat die begaafde en minderbegaafde leerlinge voordeel put uit die gespesialiseerde kennis van die vakonderwyser; en
3. die beklemtoning van vroeë identifisering van leerprobleme en verstandelike vertraagtheid, sowel as die voorsiening daarvoor in remediërings- en spesiale klasse, word deur die grootste aantal respondente as 'n voordeel van die nuwe gedifferensieerde onderwysstelsel aangedui.

b. Nadele (probleme)

Die volgende nadele word deur respondente aangedui:

1. die verlaging in die standaard (40% na $33\frac{1}{3}\%$) vir promovering na st. 6 bied die geleentheid vir onderpresteerders, wat nie weens 'n geskiedenis van druiwing of minderbegaafdheid kandidate vir die Praktiese kursus is nie, om nieteenstaande die oortuiging van die personeel dat die leerling voordeel kan put uit die herhaling van st. 5, tot st. 6 toegelaat te word. Wanneer hierdie leerling die hoër eise wat aan hom gestel word nie kan beantwoord nie, ontwikkel of vermeerder persoonlikheidsprobleme;
2. die voordele wat deur bekwaamheidsgroepering meegebring word, word geneutraliseer deur die feit dat alle leerlinge dieselfde eksamen moet aflê. Een respondent verklaar die volgende: "Dieselfde eksamen vir leerlinge met uiteenlopende potensialiteite maak gedifferensieerde onderwys in die primêre skool onmoontlik". 'n Aantal respondente het verder aangedui dat die gebrek aan gedifferensieerde sillabusse en eksamens die ontwikkeling van intellektuele traagheid en verveeldheid, wat in gedragsprobleme ontwikkel, by die begaafde leerling tot gevolg het as gevolg van die onvermoë om aan dieselfde eksameneise as die begaafde leerling te beantwoord, ontwikkel minderwaardigheid en gedragsprobleme by die minderbegaafde leerling;
3. te uitgebreide sillabusse is 'n algemene probleem wat deur respondente aangedui is. Om al die voorgeskrewe leerstof binne een skooljaar af te handel, benadeel pogings tot gedifferensieerde aanbieding daarvan;

4. die standaard van Wiskunde, Wetenskap en bepaalde afdelings van die Geskiedenisillabus is bo die vuurmaakplek van die minderbegaafde leerling. Enkele respondente is van mening dat daar "te veel geëksperimenteer word met vakinhoude. Sekere dele van Wiskunde is 'n klug"; en
5. 'n aantal respondente toon aan dat onvoldoende personeelvoorsiening te groot klasse (selfs 40 - 45 leerlinge) in die hand werk, sodat differensiasie daardeur gestrem word.

c. Algemene response

1. Ongeveer 90% respondente van kleiner primêre skole wat te min leerlinge per standaard het om in verskillende klasgroepe (seksies) te verdeel, beskou hierdie organisatoriese onvermoë as die belangrikste probleem in die weg van doeltreffende differensiasie. Intra-klasgroepering (volgens bekwaamheid) kan volgens respondente slegs deur 'n hoogsbekwame en ervare onderwyser/-es hanteer word. Die tyd wat aan elke groep in die klas bestee moet word, bring mee dat probleme ervaar word om sillabusse deurgewerk te kry en alle leerlinge voortdurend aktief te laat werk, terwyl aandag alternatiewelik aan ander groepe gegee word (kyk par. 11.11.1.1).
2. Respondente van skole met voldoende aantal leerlinge per standaard om in verskillende klasgroepe (seksies) te verdeel, word met betrekking tot die implementering van bekwaamheidsgroepering in twee groepe verdeel:
 - (i) die eerste groep respondente beskou bekwaamheidsgroepering as die beste en selfs enigste differensiëringswyse in die primêre skool;
 - (ii) die tweede groep respondente beskou differensiasie in die vorm van bekwaamheidsgroepering ongewens as gevolg van sosiale druk van die ouers. Enkele opmerkings word vervolgens aangehaal:

"Differensiasie in leerstof en leergange, asook meriete-indeling sal in die primêre skool, waar geen vakkeuses is nie, 'n onhoudbare maat-skaplike probleem skep, veral in 'n hoogs geïndustrialiseerde omgewing en wel ook elders";

"Ouers oorskat hul kinders deur hulle liever in 'n sterker groep te wil sien en kweek so 'n meerderwaardigheid by hul kind, wat hom ontwrig"; en

"Verdeling van klasse volgens I.K. en/of prestasie bring probleme met ouers mee".

3. Verskeie respondente openbaar 'n gebrek aan insig oor wat differensiasie behels en dra nie kennis van verskille tussen die "ou" en "nuwe" gedifferensieerde onderwysstelsels vir die primêre skool nie. Die volgende opmerkings het onder andere tot hierdie gevolgtrekking aanleiding gegee:

"Daar is werklik geen verskil tussen die nuwe gedifferensieerde stelsel en die ou stelsel nie";

"No system of differentiated education in O.F.S. primary schools";

"In my mening is die voordele hierdeur bereik minimaal"; en

"Hier word nie gedifferensieer nie".

9.6 Samevatting

In hierdie hoofstuk is vraelysresponse met betrekking tot die groepering van leerlinge, vakonderwys, Voorligting, spesiale en aanpassingsklasse en die voor- en nadele van die nuwe gedifferensieerde onderwysstelsel vir die primêre skool aangebied en bespreek.

In hoofstuk 10 word vraelysresponse met betrekking tot die implementering van die nuwe gedifferensieerde onderwysstelsel in sekondêre skole aangebied en bespreek.